



EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

NR. 135

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

SUID-AFRIKA IN NOOD

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid- Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.

POLITIEKE NOOD:

SUID-AFRIKA BEDREIG DEUR VREEMDE VOLKE

Dit is algemene kennis dat Suid-Afrika 'n paar jaar gelede op politieke gebied 'n moeilike tyd deur gemaak het. Ons het in 'n sekere sin in 'n noodtoestand verkeer. Sommige het selfs van 'n krisistyd gepraat.

Die redes daarvoor was goed bekend.

In Angola en Mosambiek het die Kommuniste gevorder tot op ons grens, terwyl ons weet dat hulle uiteindelijke doel was om die hele Suidpunt van Afrika in te palm. Daarby het ons as volk alleen te staan gekom in die wêreld.

Hoe moet ons dit beoordeel? Het ons hier maar net met die politieke strewe van Rusland en sy aanhangers te doen gehad?

In die Bybel lees ons dat Israel as die volk van God, dikwels ook deur vreemde volke bedreig is en daarom in nood verkeer het. Dit was onder andere die geval in die tyd van Gideon. (Rigt. 6). Toe het die Midianiete en Amalekiete gekom en die lande van Israel kaalgestroop, hulle vee geroof en so is hulle verarm en verhonger.

WAAROM HET DIT GEBEUR?

Op hierdie wyse het die Here Israel gestraf omdat hulle van Hom afvallig geword het, sy gebooie verwerp het en ander gode begin dien het. Die Midianiete en die Amalekiete was die swepe in God se hand waarmee Hy Israel geslaan het om hulle te straf omdat hulle Hom verwerp het.

Nou sou 'n mens vir die koms van die Amalekiete en Midianiete seker bepaalde "natuurlike" oorsake of redes kon aanvoer. So sou hulle aanvalle op Israel daaruit verklaar kon word dat hulle verblyfplek in die woestyn was waar daar niks gegroei het nie, sodat hulle vir hulle voortbestaan afhanklik was van roof en steel by die volke rondom hulle.

Watter "natuurlike" oorsake vir hulle koms daar ook al in die oë van die mens is, in die Bybel word uitdruklik gesê dat **die HERE** Israel in hulle hande oorgegee het. (Rigt. 6:1). Hulle kon by wyse van spreke maar net hulle hande oopmaak... dan plaas die Here Israel daarin en hulle kan begin om hom te pynig. Wat 'n mens in besonder opmerk, is dat die Here Israel juis oorgegee het in die hande van die **Midianiete** en **Amalekiete**. Dit was immers twee volke op wie die Here toornig was en oor wie se ondergang en uitdelgung Hy reeds besluit het.

Hoe verskriklik moes dit dan nie vir Israel gewees het dat die Here sy toorn teen die twee volke — 'n mens sou byna kon sê — vir 'n oomblik vergeet het nie, want Hy laat die land van sy geliefde kinders deur sy gehate vyande verwoes.

ONS IN SUID-AFRIKA?

As ons nog kan skrik, vind ons hierin wel 'n rede *om* te skrik. Want as ons dit wat ons hier geleer word, toepas op ons eie situasie, beteken dit dat die Kommuniste op ons grense **deur die HERE** toegelaat is om ons te straf **omdat** ons van Hom afvallig geword het en ons eie gode begin dien het; **omdat** ons hom nie met ons hele hart liefhet en dien nie; **omdat** ons nie meer ons roeping aan die Suidpunt van Afrika vervul nie.

Die Here haat die Kommuniste vanweë hulle goddeloosheid. Maar sy toorn oor ons kan so verskriklik wees dat Hy naderhand kan sê: Laat die Kommuniste maar kom en dood en verwoesting saai in Suid-Afrika — net soos Hy die Midianiete en Amalekiete, wat Hy gehaat het, gebruik het om Israel te straf en hulle land te verwoes.

En nou sou ons vir die bedreiging deur die Kommuniste ook verskeie "natuurlike" politieke, strategiese en ekonomiese oorsake kon aanwys.

Die eintlike oorsaak van die hele situasie is die **godsdienslike oorsaak**: Ons verhouding tot God is nie reg nie; ons doen nie wat Hy beveel nie; ons dien ander gode onder die skyn van Christelikheid. Daarom het die Here dit toegelaat dat die Kommunistiese opmars vir ons 'n wesenlike bedreiging word en reeds die dood van etlike van ons volksgenote tot gevolg gehad het.

Daarom, wat van ons hier in ons land gaan word, hang daarvan af of ons ons van harte tot die Here gaan bekeer of nie; of ons Christus in die geloof as ons Redder en Verlosser aanvaar en uit dié geloof gaan lewe, of nie.

Die Here het geen behae in die dood van die sondaar nie — ook nie in die dood van Suid-Afrika nie — maar daarin dat hy hom bekeer en lewe.

Wat is ú antwoord op God se roepstem?

Ook ú antwoord kan van beslissende betekenis wees in die toekoms van ons land.

P. J. de Bruyn

EKONOMIESE NOOD:

DIE EKONOMIESE KRISIS EN GOD SE EKONOME

Laat ons maar eerlik wees met mekaar... ons land beleef 'n ekonomiese krisis. Die regering praat met ons daarvoor by monde van die Minister van Finansies. In die nuusbuletins kom dit tot ons: hierdie en daardie prysverhoging is op pad . . . melk, brood, brandstof, motors, elektriese krag, klere. In koerante staan dit in groot opskrifte dat hierdie bekende eiendomsmaatskappy se sake nie meer kan klop nie. Hy is bankrot — en hoe hoog was sy aandele nie so 'n vier jaar gelede nie.

Ons voel hierdie krisis aan ons lyf, ons gewone mense. Dalk het u of u vrou 'n week gelede nog in 'n afdelingswinkel gestaan en maar net die kop geskud as die pryse van artikels vergelyk word met wat dit 'n maand gelede was. Moontlik het u aan die anderkant gestaan: u moes die artikels verkoop en vaskyk in die oë van mense wat verbysterd is oor die hoë pryse. U het dit moontlik beleef dat daardie transaksie waaraan u so lank beplan het, toe nie deurgegaan het nie.

Hoe gaan dit oor tien jaar lyk as jou jongste kind universiteit toe moet gaan? Die ekonomiese krisis wurg ons almal. Waarom ontstaan iets soos inflasie en prysstygings? Waarom kry ons te doen met ekonomiese knelling en kommer en bankrotskappe. Daar is baie oorsake, maar al hierdie oorsake kan ons herlei tot een enkele oorsaak: ons doen op ekonomiese gebied nie meer wat die Here van ons verwag nie!

Dit wat die Here van ons verwag, word tot uitdrukking gebring in twee woorde in Lukas 12 verse 42 en 43. Hier word gepraat van 'n **verstandige bestuurder**. Vir bestuurder word hier ons Afrikaanse woord **ekonoom** gebruik. Hiermee word letterlik aangedui daardie persoon wat aangestel is om toe te sien dat die wet van sy baas in die huis van sy baas toegepas word. Juis dit is die betekenis van die woord ekonoom: om die wette — ook die ekonomiese wette, wat God in en vir hierdie aarde daargestel het, op God se aarde te handhaaf.

Die antwoord op die huidige ekonomiese krisis is: ons moet weer ontdek en van vooraf besef dat ons God se ekonome op God se aarde is. Hierdie aarde, met alles wat dit bied, is nie ons eiendom nie. Ons is net bestuurders op hierdie aarde. Ons word hier maar net geroep om toe te sien dat sake reg verloop in God se huishouding.

Môre gaan ons weer daarmee te doen kry... met die ekonomiese krisis... met waardevermindering... vraag en aanbod... wins en verlies... met te min besparing en te veel besteding. Juis dan moet ons onthou: ons is nie skeppers nie. Ons is bestuurders — God se ekonome in God se huishouding.

Cassie Venter

SEDELIKE NOOD:

SAL SUID-AFRIKA ONS NOG UITSPOEG?

Dat ons vandag in 'n tyd van sedelike en seksuele verwildering leef, is 'n vasstaande feit wat geen verdere motivering nodig het nie, maar die Woord van die Here spreek ook oor sulke tye en waarsku ons teen sulke sondes. Lees maar Lev. 18. Daarin word telkens gesê dat die skaamte van hierdie of daardie persone nie ontbloot mag word nie. Baie duidelik word ook buite-egtelike geslagsverkeer en homoseksualiteit deur die Here verbied (verse 20 en 22). Dan sê die Here by wyse van samevatting en konklusie:

"Verontreinig jou nie deur al hierdie dinge nie, want deur al hierdie dinge is die heidene verontreinig wat Ek voor julle uit verdryf. So het die land dan onrein geword; en Ek besoek sy ongeregtigheid daaraan, sodat die land sy inwoners uitspoeg... Laat die land julle dan nie uitspoeg as julle

dit verontreinig nie, soos dit die nasie uitgespoeg het wat voor julle was"

(Lev. 18: 24, 25 en 28).

Hier word deur die Here self 'n verband geplaas tussen sedelike en seksuele verwildering en die voorreg om in jou vaderland te mag bly of daaruit verdryf of uitgespoeg te word.

Treffend is die aanduiding dat die land sulke inwoners **uitspoeg**. Dit lyk gewoonlik anders; dit lyk of daar 'n vyand kom en die inwoners doodmaak of uit die land verdryf. Nou sê die Here dat dit die land self is wat sulke bewoners uitspoeg. Dan dink 'n mens ook aan die woorde van Christus aan Laodisea: Hy sal hulle uit sy mond uitspoeg. (Openb. 3).

Hierin lê daar ook vir ons in Suid-Afrika 'n wesenlike gevaar. Ons doen baie om ons grense te bewaak, maar intussen laat ons toe dat seksuele verwildering teen 'n geweldige tempo toeneem. As dit gebeur, sal ons gewis en seker dié punt bereik waar ons dierbare Suid-Afrika ons ook sal uitspoeg.

In Lev. 18 word duidelik aangedui dat die skaamte van ander buite die huwelik nie ontbloot mag word nie, maar intussen word ontkleedanseresse toegelaat om "self" hulle skaamte te ontbloot — al is dit volgens ons landswette onwettig.

Voeg daarby die foto's van naakte vrouens wat in films, advertensies en voor op katalogusse in steeds meer perverse vorme hulle verskyning maak; voeg ook die gruwelikste vorme van onsedelikheid by waarvan hoofsaaklik net sekere afdelings van die polisie kennis dra en wat van so 'n aard is dat dit nie eers genoem kan word nie — voeg dit by en beskou dit in die lig van Lev. 18. Dan kan 'n mens tot geen ander gevolgtrekking kom as dat ons in 'n ontsettende gevaar verkeer nie. **Is Suid-Afrika nie al amper oorgehaal om ons uit te spoeg nie?**

Nou kan ons maar daverend sing: "... dat die erwe van ons vad're vir ons kinders erwe bly." Solank ons weier om werklik "knegte van die Allerhoogste" ook op sedelike en seksuele gebied te wees, gaan ons 'n donker toekoms tegemoet! God laat Hom nie bespot nie!

Miskien is Hy reeds besig met sy laaste waarskuwing aan ons voor Hy Suid-Afrika aansê om ons uit te spoeg.

Is jy dalk medeverantwoordelik daarvoor?

P. J. de Bruyn

MAATSKAPLIKE NOOD:

DIE LIEFDE VERKOEL

U het dit seker al opgemerk: daar is tans ook in ons land 'n sterk neiging by baie mense om net vir hulself te lewe. Hulle stel baie min belang in ander en steur hulle ook nie veel aan ander nie — solank die ander mense hulle ook net met rus laat en nie vir hulle probleme veroorsaak nie. Mense groet mekaar en vra meesal uit blote gewoonte hoe dit gaan — sonder om werklik om te gee vir die welstand van die ander.

Wat is die gevolg?

Ons beweeg op straat by mekaar verby soos 'n klomp naamloses. In die groot industrieë weet mense dikwels nie eers wie die ander mense is wat saam met hulle werk nie. Ek weet nie wie die mense is wat in die woonstelblok, op dieselfde verdieping, as ek woon nie — voorwaar 'n eensame massa!

Daar word gekla dat ons besig is om as mense **blote nommers** te word. Daarmee word bedoel dat ons

tans in baie opsigte te doen kry met 'n proses van verontpersoonliking van die mens. Hy word nie meer beskou as iemand met 'n eie persoonlikheid wat spesifieke gawes en talente van God ontvang het om dit in verantwoordelikheid te gebruik nie. Sy posisie is veel eerder vergelykbaar met die van 'n blote rat in 'n masjien.

PROSES VAN VEREENSAMING

In hierdie proses vereensaam mense. Van die spreekwoord: "Gedeelde vreugde is dubbele vreugde; gedeelde smart is halwe smart," kom niks in hulle lewe tereg nie.

Waarom is dit so?

Omdat die onderlinge liefde besig is om te verkoel en in baie opsigte te sterf. Die rede daarvoor is daarin geleë dat baie mense van ons tyd besig is om al hoe meer van God **vervreem** te raak.

In die mate wat God bo my uit my lewe verdwyn, verloor die mens langs my vir my sy waarde. Dan het hy vir my slegs betekenis as ek deur sy lewe en optrede op een of ander wyse bevoordeel kan word. Werklike liefde teenoor hom of haar word baie min gevind.

Daarom verkeer so baie mense van alle rasse in ons land in nood — die nood van vereensaming, van miskenning, nood vanweë die gevoel dat niemand vir hulle omgee nie en hulle ook vir niemand enige waarde of betekenis het nie. Hierdie noodtoestand weens gebrek aan liefde, lei by sommige mense tot selfmoord en andere tot rewolusie, opstand en verwoesting.

REDDING UIT DIE NOODTOESTAND

Hoe kan ons uit hierdie noodtoestand gered word? Daar is net een antwoord: ons moet ons tot God bekeer en ons moet volgens sy eis Hom bo alles liefhê en ons naaste soos onself.

Ons moet opnuut 'n begrip kry van sy groot liefde vir ons. Hy het in onbegrensde liefde sy enigste Seun gegee en Hom laat ly en sterwe aan die kruis om ons te verlos. Daarom eis Hy nou van ons om mekaar ook lief te hê, vir mekaar op te offer, in mekaar belang te stel en vir mekaar om te gee. So alleen sal ons verlos word uit ons maatskaplike nood van verstikkende liefdeloosheid met al sy afgryslike gevolge.

Wat gaan ú doen?

P. J. de Bruyn

GODSDIENSTIGE NOOD:

GOD WORD UIT ONS LEWE UITGESKAKEL

Die buitengewone groot waarde wat in ons tyd aan die materiële geheg word, het noodwendig tot gevolg dat die godsdienstige en die sedelike vir die hedendaagse mens nie meer veel betekenis het nie. Daar het 'n versaakliking van die lewe ingetree.

Daarom word daar in ons tyd 'n lewenshouding aangetref wat 'n duidelike ooreenstemming het met die lewenshouding van die mense in die tyd van Noag en Lot wat ook weer besonder kenmerkend sal wees van die mense in die tyd direk vóór die wederkoms van Christus.

Die lewenshouding en lewensuitkyk van die mense in dié betrokke tydperk word deur Christus soos volg beskrywe: "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop, hulle het geplant en gebou. Maar op

die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word." (Luk. 17:26-30).

By die lees van hierdie woorde is 'n mens geneig om te vra: maar wat is nou eintlik verkeerd met die mense in die tyd van Noag en Lot volgens hierdie beskrywing? Eet, drink, trou, koop, verkoop, plant en bou — daarmee is mos niks verkeerd nie; intendeel, dit is wesentlik deel van die lewe van elke normale mens.

WAT VERSWYG WORD

In hierdie woorde van Christus val die nadruk nie op wat gesê word nie, maar juis op wat verswyg word. Eet, drink, trou, koop, verkoop, plant en bou — dis al — verder niks nie! Van God en godsdiens, van enige bekommernis oor en stryd teen die sonde, hoor 'n mens hier absoluut niks nie. Die hele lewe het opgegaan in eet, drink, plant, bou, ens. Daarin was dié mense se hoogste belange geleë.

Die mense gaan hulle gewone gang en doen wat hulle tevore gedoen het met dié verskil dat hulle God heeltemal uitgeskakel het uit hulle lewe. Hulle praat nie van Hom nie en dink nie aan Hom nie. Hulle gaan voort net asof God nie bestaan nie en ook nooit bestaan het nie.

Hierdie soort mens het vir die hoëre geestelike en sedelike waardes in die lewe hoegenaamd geen belangstelling nie. Sy hele lewe is toegespits op die aardse dinge en dit wat die aarde hom kan bied. Sy lewe het heeltemal **vermaterialiseer**: om lekker te kan eet en drink, om geweldige hoë geboue op te rig, om handel te dryf, ens. — dit is die hele inhoud van sy lewe.

So was dit in die tyd van Noag en Lot en so sal dit wees aan die einde van die geskiedenis in die tyd kort voor die wederkoms van Christus. Daarby moet ons onthou dat hierdie letterlik goddelose lewenshouding volgens die Bybel altyd gevolg word deur die bestrawwende oordeel van God soos die sondvloed en die verwoesting van Sodom en Gomorra. So toon God dan dat Hy Hom nie deur die waanwyse mens laat uitkakel en dood verklaar nie. Hy laat nie met Hom spot nie en Hy laat Hom ook nie ignoreer nie.

REDE TOT KOMMER

In die lig hiervan moet ons ons eie lewens en dié van ons volk toets en as ons die toets in alle eerlikheid uitvoer, moet ons erken dat daar beslis rede tot kommer is.

Ons is 'n beskaafde volk en op feitlik alle lewensterreine is daar vooruitgang. Tog is die geestelike struktuur van ons volk besig om heeltemal uitgehol te word, omdat ons lewe al hoe meer oppervlakkig word en nie uitstyg bokant die materiële belange nie. Ons is besig om God uit die prentjie van ons lewe te verloor. Eet, drink, trou, koop, verkoop, plant en bou — hierdie en soortgelyke dinge het vir groot getalle van ons volksgenote die belangrikste in die lewe geword. Daarom is die godsdiens van baie Afrikaners eintlik niks anders as 'n uiterlike vernis sonder enige dieperliggende betekenis nie.

Wat is nou die implikasie van hierdie stand van sake?

As ons lewe so vervlak het dat God daaruit verdwyn het, dan wag die oordele van God op ons! Dit is immers wat gebeur het met die mense in die tyd van Noag en Lot toe hulle lewens tot die peil gedaal het. Die mense in die tyd van Noag is verdag deur die sondvloed en die mense van Sodom en Gomorra in die tyd van Lot is verdag deur vuur en swawel uit die hemel.

Daarom moet ons dit goed besef dat as die lig van die Afrikaanse volk gedoof word hier aan die suidpunt van Afrika, die vernaamste rede daarvoor nie druk van buite, sanksies, 'n gebrek aan wapens en politieke of militêre taktiek en diplomاسie sal wees nie, maar dat ons die God van ons vaders verlaat en vergeet het en Hom uit ons lewens uitgeskakel het.

Daarom is daar vir ons net een weg tot behoud en redding: terug na God.

P. J. de Bruyn

WAAROM KERK TOE?

Waarom is die Woord van die Here en veral die prediking van die Woord so belangrik vir die mens? Waarom moet die Bybel altyd die sentrale plek in die lewe van die mens inneem?

Omdat die Here die saligmakende geloof, wat tot die redding van die mens deur die verkondiging van die Woord is, aan die mens gee!

Wanneer die Heidelbergse Kategismus (Belydenisskrif van die kerk) vra: "Waar kom die saligmakende geloof dan vandaan?" is die pragtige antwoord: "Van die Heilige Gees wat die geloof in ons harte werk deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk deur die gebruik van die sakramente."

Dit is hierdie heerlike waarheid wat die apostel Paulus in Romeine 10:13-17 wil onderstreep! In vers 13 sê hy: "Want elkeen wat die Naam van die Here aanroep sal gered word." Maar ons kan tog alleen die Naam van die Here waarlik aanroep deur die geloof. Alleen deur die ware geloof kan ons bely en die heerlike sekerheid hê dat Jesus van Nasaret die Saligmaker en Verlosser van die wêreld is. Toe Petrus die Belydenis uitgespreek het dat Jesus die Seun van God is, het die Here aan hom gesê: "Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is." (Mattheus 16:17).

Dan is dit dringend nodig dat ons moet weet waar so 'n geloof dan vandaan kom, want dit is nie 'n ingebore eienskap in elke mens nie... alle mense glo tog nie! Op hierdie dringende en soekende vraag antwoord Paulus in vers 14: "En hoe kan julle in Hom glo van wie julle nie gehoor het nie, en hoe kan julle hoor sonder een wat preek?" Pragtig vat hy dan die hele redenasie saam in vers 17: "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God."

God stort dus sy wonderlike seëninge in ons uit deur die verkondiging van sy Woord. Die prediking van die Woord is die kanaal waardeur die heerlike saligmakende geloof vanuit die hemel instroom in die harte van God se kinders. Waar die Woord verkondig word, werk die Heilige Gees in al sy krag en heerlikheid. Ja, die Heilige Gees werk nie net die geloof deur die verkondiging van die Woord nie, maar versterk dit ook. Hy gee nuwe geloofskrag aan die moeë strydende van God!

Kan u verstaan waarom ons nooit mag ophou om onself en ons dierbares voortdurend onder die genadereën van die prediking van God se Woord te bring nie? Ons moet daarna verlang en smag. Dit moet vir ons die hoogtepunt van elke week wees wanneer ek en my huisgesin kan gaan luister na dit wat die Here vir sy volk wil sê!

Mag die Here ook vir u daardie brandende verlanse gee.

A. Myburg